

15 November 2016

Omsendbrief 31/2016

SKRYFBEHOEFTE - 2017

Geagte Ouers

Aangeheg vind u 'n lys van skryfbehoeftes wat u kind(ers) volgende jaar gaan benodig.

Hierdie lys van verpligte items word teen R750,00 aan die leerders verskaf. Onthou dat die koste van papier, afrol- en kopiëerwerk, wat deur die jaar verskaf word, ook hierby ingesluit is (o.a. eksamenvraestelle, werksvelle en ander kurrikulumdokumente).

U moet hierdie pakkette deur die skool aankoop, onder andere as gevolg van die volgende redes:

1. Grootmaataankope verseker goeie pryse en waarde vir geld.
2. Al die leerders begin die nuwe akademiese jaar met hul benodigdhede en kan dus onmiddellik begin werk.
3. Die leerders se boeke en ander skryfbehoeftes is eenvormig en van 'n hoë gehalte.

Alle werkboeke, handboeke en leesboeke word gratis uitgereik. U sal oplet dat daar met die nuwe kurrikulum meer van skryfboeke gebruikgemaak word as met die modules van die vorige kurrikulum.

Ouers kan die leerders se pakkette op **Donderdag, 8 Desember**, vanaf 08:00 tot 11:00 of tesame met hul rapporte op **Vrydag, 9 Desember**, tussen 10:00 en 11:00 in die Biblioteek kom afhaal. Let asseblief op die volgende:

1. Gr. O/R tot Gr. 3 se pakkette gaan direk na die klasonderwyseresse wat dit sal bewaar tot aan die begin van die nuwe skooljaar. Let ook asseblief daarop dat **geen** "space cases" in die grondslagfase toegelaat word nie.
2. Die graad 4 tot 7 leerders se boeke moet asseblief oorgetrek word (enige tipe papier is toelaatbaar). Vir hierdie doel verskyn die vakke se name langs die boeke sodat dit behoorlik gemerk kan word.
3. Afgerolde werkstukke sal van tyd tot tyd deur die jaar voorsien word.
4. Geen skryfbehoeftes, boeke of modules sal sonder betaling uitgereik word nie.
5. Vanaf vanjaar word hierdie skryfbehoefteskostes by u skoolfondsrekening gevoeg.

Stuur asseblief u bestelling tesame met die korrekte bedrag so spoedig moontlik skool toe in 'n verseelde koevert, maar nie later nie as 2 DESEMBER 2016 sodat ons die bestellings kan finaliseer.

Vriendelike groete

E.L. KÄSNER
SKOOLHOOF